RPO
Noord-Kaap



# Word 'n KORPORATIEWE KAMERLID VAN DIE RPO NOORD-KAAP

www.rponk.co.za

Wat beteken dit om ’n

# KORPORATIEWE KAMERLID

VAN DIE RPO NOORD-KAAP TE WEES?

As ’n voornemende Korporatiewe Kamerlid is u geïdentifiseer as ’n leier in u bedryf en ontvang u ongetwyfeld reeds talle versoeke vir lidmaatskap, borgskap en beleggings. Sien hierdie uitnodiging as ’n kompliment aan u maatskappy, aangesien dit erken is as ’n onderneming wat bydra tot die winsgewendheid van die primêre landbousektor.

Die Rooivleisprodusente-organisasie Noord-Kaap (RPO NK) streef daarna om hulself te versterk deur korporatiewe lede te betrek wat werklik waarde uit die RPO NK se ledebasis kan put.

Wanneer u by die RPO NK aansluit as ’n Korporatiewe Kamerlid, waarborg ons nie dat lede outomaties van u produkte of dienste gebruik sal maak nie. Wat ons wel kan bied, is toegang tot die lede van die organisasie en sy verskeie komitees, asook waardevolle insigte oor die Landbousektor.

As maatskappy sal u ’n dieper begrip verkry van die ledebasis waaruit hierdie organisasie bestaan. Korporatiewe Kamerlede ontvang nie net eksklusiewe inligting van binne die RPO NK nie, maar het ook toegang tot ontwikkelings insigte binne die breër Landbousektor.

Verder sal u as ’n gewaardeerde lid van die Korporatiewe Kamer se stem en menings op provinsiale vlak gehoor word rakende sakepraktyke, verwagte tendense en mark verskuiwings binne die Landbousektor.

Om vir lidmaatskap by die RPO NK te kwalifiseer, moet ’n maatskappy goedere en/of dienste aan die Landbousektor lewer. Die RPO NK-bestuur behou die reg voor om enige lidmaatskap te aanvaar, te weier of te herroep na hul diskresie.

Om die verskillende vlakke binne die korporatiewe sektor te akkommodeer, het die RPO NK ’n gestratifiseerde benadering tot korporatiewe lidmaatskap ontwikkel. Hierdie benadering stel u as korporatiewe lid in staat om op ’n vlak aan te sluit wat nie net by u behoeftes pas nie, maar ook binne u jaarlikse begroting val.

# BRONS
# KORPORATIEWE KAMERLID LIDMAATSKAP R10 000




## Bemarkingstoegang

- U Maatskappy kenteken op die RPO NK se webwerf met 'n skakel na u webtuiste / Facebook-blad onder Skakels.
- 'n Advertensie op die RPO NK se webwerf en sosiale media platforms (beperk tot 3 per jaar) Bemarking – Vennoot promosies en voordele.
- Uitnodiging om eksklusiewe RPO NK Korporatiewe Kamer en relevante komitee geleenthede deur die jaar by te woon, asook uitnodigings na ander toepaslike geleenthede van geaffilieerde organisasies en lede.

## Kongres

- Melding van die maatskappy op die erkennings bladsy in die Jaarlikse Kongres Program.
- Byvoeging van u korporatiewe brosjures in die Afgevaardigdes se omslag tydens die Jaarlikse Kongres.
- Uitstal van u kiosk by die jaarlikse Kongres met die geleentheid om met Afgevaardigdes te skakel en inligting oor u produkte en dienste te deel.
- Een verteenwoordiger om die Jaarlikse Kongres by te woon en die uitstal-kiosk te beman.
- Een verteenwoordiger mag die Jaarlike Kongres dinee bywoon.
- 'n Brons Korporatiewe Lidmaatskap sertifikaat tydens die Kongres dinee.

Volledige betaling moet
die kantoor voor
**31st Maart 2026** bereik

RPO
Noord-Kaap

# SILWER KORPORATIEWE KAMERLID LIDMAATSKAP R30 000

## Bemarkingstoegang

- Toegang tot Voorsitters en Sekretarisse van die komitees. (Op voorwaarde dat massa bemarking slegs een keer per kwartaal mag geskied.)
- U Maatskappy kenteken op die RPO NK se webwerf met ’n skakel na u webtuiste / Facebook-blad onder Skakels.
- ’n Advertensie op die RPO NK se webwerf en sosiale media platforms (beperk tot 6 per jaar) Bemarking – Vennoot promosies en voordele.
- ‘n Advertensie op die RPO NK se webwerf en sosiale media platforms rakend Loopbaan geleenthede en/of Opleidings geleenthede van u maatskappy. (beperk tot 6 per jaar)
- Uitnodiging om eksklusiewe RPO NK Korporatiewe Kamer en relevante komitee geleenthede deur die jaar by te woon, asook uitnodigings na ander toepaslike geleenthede van geaffilieerde organisasies en lede.

## Kongres

- 1 Volkleur A5 (Halfblad) advertensie in die Jaarlikse RPO NK Kongres Program.
- Byvoeging van u korporatiewe brosjures in die Afgevaardigdes se omslag tydens die Jaarlikse Kongres.
- Uitstal van u kiosk by die jaarlikse Kongres met die geleentheid om met Afgevaardigdes te skakel en inligting oor u produkte en dienste te deel.
- Twee verteenwoordigers om die Jaarlikse Kongres by te woon en die uitstal-kiosk te beman.
- Maksimum van twee verteenwoordigers mag die Jaarlike Kongres Dinee bywoon.
- ’n Silver Korporatiewe Lidmaatskap sertifikaat tydens die Kongres Dinee.

Volledige betaling moet die kantoor voor **31st Maart 2026** bereik

RPO Noord-Kaap

# GOUD
# KORPORATIEWE KAMERLID LIDMAATSKAP R50 000




## Bemarkingstoegang

- Toegang tot Voorsitters en Sekretarisse van die komitees. (Op voorwaarde dat massa bemarking slegs een keer per kwartaal mag geskied.)
- Mark toegang tot alle RPO NK se lede deur die verskillende kommunikasie kanale (WhatsApp, Epos, Facebook, Instagram, TikTok & Webtuiste. (met die voorwaarde dat massa bemarking slegs een keer per kwartaal kan geskied)
- U Maatskappy kenteken op die RPO NK se webwerf met ʼn skakel na u webtuiste / Facebook-blad onder Skakels.
- ʼn Advertensie op die RPO NK se webwerf en sosiale media platforms (beperk tot 1 per maand  x 12 maande) Bemarking – Vennoot promosies en voordele.
- ʼn Skakel op ons aanlyn winkel op die RPO NK Webtuiste  - Bemarking Aanlyn Verkope.
- ʼn Advertensie op die RPO NK se webwerf en sosiale media platforms rakend Loopbaan geleenthede en/of Opleidings geleenthede van u maatskappy. (beperk tot 1 per maand x 12 maande)
- Uitnodiging om eksklusiewe RPO NK Korporatiewe Kamer en relevante komitee geleenthede deur die jaar by te woon, asook uitnodigings na ander toepaslike geleenthede van geaffilieerde organisasies en lede.

## Kongres

- 1 Volkleur A4 (Vol blad) advertensie in die Jaarlikse RPO NK Kongres Program.
- ʼn 5 minute spreuk beurt om die Afgevaardigdes toe te spreek rakende u dienste en produkte by die Jaarlikse Kongres.
- Byvoeging van u korporatiewe brosjures in die Afgevaardigdes se omslag tydens die Jaarlikse Kongres.
- Uitstal van u kiosk by die jaarlikse Kongres met die geleentheid om met Afgevaardigdes te skakel en inligting oor u produkte en dienste te deel.
- Twee verteenwoordigers om die Jaarlikse Kongres by te woon en die uitstal-kiosk te beman.
- Maksimum van twee verteenwoordigers mag die Jaarlike Kongres Dinee bywoon.
- ʼn Goue Korporatiewe Lidmaatskap sertifikaat tydens die Kongres Dinee.
-

Volledige betaling moet die kantoor voor **31st Maart 2026** bereik

RPO Noord-Kaap

# VOORSTEL VIR BORGSKAP RPO NOORD-KAAP BESTUURSSPAN KLERE & HANDELSMERK-VENNOOTSKAP

Die Noord-Kaapse rooi vleisbedryf staan sterk omdat ons produsente sterk staan. Hulle werk met 'n landskap wat veeleisend is, maar ongeëwenaarde kwaliteit oplewer—vee wat op natuurlike veld grootword en vleis lewer waarvan die smaak en karakter net eenvoudig nie nageboots kan word nie. Die RPO Noord-Kaap ondersteun hierdie produsente met 'n toegewyde leierskap struktuur wat die belange van die bedryf beskerm en bevorder.

Om 'n professionele, sigbare en goed verteenwoordigde RPO-span in die hele provinsie te verseker, nooi ons u organisasie om 'n vennoot te word deur borgskap van handelsmerk klere vir ons bestuur en uitvoerende verteenwoordigers.

## Borgskap oorsig

Ons versoek borgskap vir:

- **42 kortmouhemde, en**
- **35 poffer-baadjies**

Beide u handelsmerk en die RPO Noord-Kaap se logo daarop.

Die hemde is 100% katoen, en die jasse is vervaardig uit ripstop-vlamvertragende materiaal van hoë gehalte vir jaarlange duursaamheid en professionele vertoning.

## Koste-Uiteensetting

- **Poffer baadjies:**
  35 baadjies × R1 200 = **R42 000**
- **Kortmouhemde:**
  42 hemde × R650 = **R27 300**

**Totale Borgskap waarde: R69 300 (**per jaar**)**

RPO
Noord-Kaap

# Toekenning van Geborgde Klere

1. **Algemene Bestuur & Forum voorsitters** *(7 Verteenwoordigers)*

Elke persoon ontvang:

- 2 hemde
- 1 poffer baadjie

Hierdie individue vervul kern leiers rolle in die provinsie:

- Voorsitter
- Visevoorsitter
- Operasionele Bestuurder
- Vier Forum voorsitters: Oudit & Risiko, Predasiebestuur, Diergesondheid en Veediefstal

2. **Uitvoerende Bestuurskomitee** *(28 Verteenwoordigers)*

Elke persoon ontvang:

- 1 hemp
- 1 poffer baadjie

Hierdie lede verteenwoordig boere groepe van meer as 20 lede in hul onderskeie gebiede. Hulle verteenwoordiging strek regoor die Noord-Kaap, insluitend:

Colesberg, Griekwastad, Hopetown, Britstown, De Aar, Douglas, Hanover, Noupoort, Prieska, Richmond, Sentraal-Karoo, Fraserburg, Carnarvon, Vosburg, Calvinia, Groter Karoo, Loeriesfontein, Sutherland, Williston, Kuruman, Postmasburg, Olifantshoek, Upington, Mier/Askham, Kimberley, Ghaap, Vaalharts, Namakwa, Boesmanland en Pofadder.

Sekere gebiede het meer as een verteenwoordiger weens hul omvang en verspreiding.

RPO Noord-Kaap

# Klere & Handelsmerk Borgskap *(Vervolg)*

## Handelsmerk Sigbaarheid tydperk

U handelsmerk sal **deur die hele Noord-Kaap verteenwoordig word vir 'n volle jaar**, vanaf **1 Julie tot 30 Junie**.

*(Nuwe verteenwoordigers word jaarliks tydens ons Kongres in Junie verkies.)*

Hierdie tydperk verseker deurlopende blootstelling tydens vergaderings, padblokkades, werkswinkels, opleidingsessies, veld besoeke en alle amptelike RPO-aktiwiteite.

## Bemarking toegang & Voordele vir die Borg

U organisasie sal toegang ontvang tot 'n wye reeks bemarking- en blootstellings geleenthede, insluitend:

**Digitale en Kommunikasiekanale**

- Bemarking toegang tot alle RPO NK-lede, voorsitters en sekretarisse
  *(Massa-bemarking beperk tot een keer per kwartaal)*
- Bemarking op al die RPO NK-kommunikasiekanale:
  WhatsApp, E-pos, Facebook, Instagram, TikTok
  *(Massa-bemarking beperk tot een keer per kwartaal)*
- U handelsmerk op die RPO NK-webtuiste met 'n skakel na u aanlyn winkel
- Maandelikse advertensie op die RPO NK-webtuiste en sosiale media
  *(1 per maand vir 12 maande)*

**Eksklusiewe Toegang tot RPO NK-geleenthede**

- Uitnodigings na RPO NK-vergaderings, geleenthede en skakel sessies dwarsdeur die jaar.

## Voordele by die Jaarlikse RPO NK Kongres

U borgskap bied die hoogste vlak van sigbaarheid by ons Kongres:

- Vol blad, volkleur A4-advertensie in die Kongresprogram
- 10-minute geleentheid om afgevaardigdes toe te spreek oor u produkte/dienste
- Insluiting van u korporatiewe brosjures in Kongres-delegate lêers
- Uitstal stalletjie by die Kongres met direkte toegang tot afgevaardigdes
- Drie verteenwoordigers by die Kongres
- Drie gaste vir die Kongres dinee
- Toekenning van 'n Diamant-Korporatiewe Lid
  Trofee tydens die Kongres dinee

RPO
Noord-Kaap

# Klere & Handelsmerk Borgskap *(Vervolg)*

## Waarom Hierdie Vennootskap Saak Maak

Deur hierdie inisiatief te ondersteun, verbind u u handelsmerk aan:

- ’n Bedryf gegrond op eerlikheid, volhoubaarheid en die uitsonderlike gehalte van veld geskepte rooivleis
- Produsente wat daagliks werk om voedselveiligheid in een van die uitdagendste landskappe te verseker
- ’n Leierskap struktuur wat diergesondheid beskerm, veediefstal beveg, landelike veiligheid versterk en die toekoms van veeboerdery bou.

U borgskap help om ’n sterker, meer veerkragtige rooi vleisbedryf in die Noord-Kaap te verseker—vir vandag en vir die geslagte wat volg.

## Betalings

Die volle bedrag moet vereffen word voor 30 April.

Bankbesonderhede sal saam met die faktuur gestuur word. .

Ons verwelkom die geleentheid om hierdie voorstel verder met u te bespreek en moontlike gesamentlike waarde te ontsluit.

Vriendelike groete,

**Rooi Vleis Produsente-organisasie Noord-Kaap**

RPO
Noord-Kaap

RPO
Noord-Kaap

# Baie dankie

## KONTAK ONS

Landlyn +27 53 832 9595
Selfoon: +27 67 597 1866
E-pos: RPONC@rpo.co.za
Webblad: rponk.co.za